# Mamma

Mamma en die kinders wil loop. Hulle gaan kry vir Flappie. Die hond blaf en blaf. Mamma speel tog te lekker met almal in die parkie. Sy swaai die kinders. Hulle hardloop na die boom. Mamma en Flappie sit saam met die kinders onder die boom. Dit was 'n baie lekker dag.



# Wim en Wilma



Wim en Wilma gaan na Biebie en Kalla se huis toe. Die kinders gaan speel op die plaas. Hulle ry op 'n perd en speel in die boomhuis. Wim en Wilma sien 'n swaai. Wilma stamp vir Wim. Hulle baklei. Wim is kwaad vir Wilma. Die kinders moet weer huis toe gaan. "Totsiens, Biebie en Kalla", sê hulle.

